VLOTVAART 2020

Reëlings m.b.t. Covid-19 vlak 1 beperkings – lees asseblief aandagtig!

As almal saamwerk, kan ons ten spyte van die beperkinge, nogtans ‘n lekker geleentheid skep en geniet.

- ALMAL woon Vlotvaart op eie risiko by.
- Getalle: word beperk tot 400. [Dis die helfte minder as in 2019!]
- Kommando’s en Oorde se totale getalle word óók beperk tot 60, sodat die staanplekke nie oorvol is nie. Probeer aantal volwassenes ook sover moontlik beperk. Kommando’s/Oorde kan meer as 60 persone op inskrywingsvorm inskryf, met die verstandhouding dat slegs die eerste 60 toegelaat word, MAAR indien daar plek is, sal die organiseerder die betrokke Kommando/Oord in kennis stel dat addisionele persone toegelaat kan word. Hierdie sal op ‘n “eerste ingeskryf/eerste toegelaat”, pro-rata beginsel werk. Kommando’s/Oorde word dus aangeraai om so gou moontlik die inskrywingsvorm te voltooi en in te stuur. **Sluitingsdatum is 08 Oktober.**
- **Slegs Verkenners neem vanjaar deel.**
- Natspane (Gr 6-7) is dan ongelukkig uitgesluit van Vlotvaart vir vanjaar. Daar sal ook nie ‘n kategorie vir volwassenes wees nie.
- DUS: Géén voorskoolse- of laerskool kinders word op terrein toegelaat nie.
- **Datum en tyd**: word geskuif na **Saterdag 17 Oktober**, i.p.v. Vrydag 16 Oktober. Kommando’s kan vanaf 12 uur die middag inkom en begin vlotte bou.
- Wedren begin op 18:00 en eindig om 24:00, sodat gehou word by die regering se aandklokreël – van toepassing op die dam wat publieke gebied is. Vlotte op die water teen 23:00 sal toegelaat word om daardie been te voltooi.
- Niemand mag die terrein vóór 04:00 die Sondagoggend verlaat nie.
- Om 06:00 sluit ons af. [Dus géén vaart op Sondag nie.]
- Kommando’s /Oorde moet indien moontlik en vir identifikasie, ‘n unieke uitkenning dra, bv. dieselfde kleur pette, hemde, ‘buffies’ of armband, of iets dergliks.
- **Verdere Covid-19 reëls:**
  1. Kommando’s is self verantwoordelik vir die nakoming van die reëls.
  2. Om 18:00 moet elke Kommando/Oord die voorgeskrewe register inhandig: temperatuur per persoon gemeet en verklarings gedoen. M.a.w. sodra ‘n persoon by sy/haar kommandostaanplek aankom, moet ‘n aangewese persoon die register voltooi. Indien iemand se temperatuur hoog is, sal hy/sy verplig word om die terrein te verlaat. Hierdie register sal deur die organiseerders opgestel word uit die name soos verskaf deur die Kommando’s/Oorde per inskryfvorm.
  3. Kommando’s reël self vir genoegsame handreinigers en ontsmettingsmiddels, asook temperatuurmeter(s). Vlotsitplekke en spane moet na elke roeibeen ontsmet word.
  4. Maskers moet permanent gedra word.
  5. Vlotvaart is van so 'n aard dat sosiale afstand nie verseker kan word nie: ‘n vlot is net so groot. Kinders is egter in die buitelug. Vanweë die beperking op getalle per kommando, hoort sosiale afstand nie ‘n te groot probleem te wees nie.
  6. Die wat wil slaap, sal sy/haar eie tent moet saambring. Persone word aangeraai om nie tente te deel nie maar waar hulle nie 'n opsie het nie, geld die 50% kapasiteit reël. Indien iemand nie gehoor hieraan gee nie, doen hulle dit, soos genoem, op eie risiko.

7. Géén algemene sosialisering (danse, ens.) sal toegelaat word nie. Dus geen “Geesbeker” nie. Dié beker sal vanjaar aan die Kommando/Oord gaan wie hulle uitkenning/masker/ens. die ‘beste’ ten toon stel.
8. Slegs die opening en afsluiting word deur almal bygewoon. Kommando’s en Oorde sal sover moontlik, uitmekaar gehou word.
9. Lede wat Vlotvaart bywoon neem deeglik kennis van die bogenoemde, en woon nieteenstaande die bogenoemde, die Vaart vrywilliglik by en neem vrywilliglik deel aan die aktiwiteite.
10. Nie Die Voortrekkers, Vlotvaart of enige volwasse lid van Die Voortrekkers sal persoonlik of andersins aanspreeklik gehou word nie, in die geval waar enige virus, bakterie of siekte aan ’n persoon oorgedra word, en bly ’n lid se persoonlike gesondheid, sy/haar eie verantwoordelikheid. Dus woon die lid Vlotvaart op eie risiko by.